

Meta-teoretiese perspektiewe op die waarde van kommunikasie en breinfunksie in die proses van prediking

C J Nagel
(Gereformeerde Kerk Magol)

B J de Klerk
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

ABSTRACT

Meta-theoretical perspectives on the value of communication and brain function in the process of preaching

The intended object of this article is to undertake an investigation in connection with the importance of creative preaching from a meta-theoretical perspective on the value of communication and brain function. The important role and value of communication is discussed from the viewpoint of communication studies as well as psychology. It is ascertained that interactive communication is very suitable for preaching due to the dynamic interaction that takes place between the sender (God/preacher) and receiver (preacher/congregation) and thus facilitates dialogue between partners of conversation. Further, five basic elements of style, beneficial for the advancement of effective and creative communication, were identified, namely: clarity, interest, evocative language, energy and emotion. The ability to use the whole brain stimulates creativity and the application of the four phases of the process of creativity can successfully be applied in sermon preparation.

1 INLEIDING

In die wetenskapsfilosofie word algemeen aanvaar dat geen wetenskaplike gevolgtrekking konklusief deur empiriese navorsingsbevindinge bewys kan word nie (Mouton & Marais 1989:196). In die verskillende stadia van die wetenskaplike navorsingsproses en om verskillende redes, is die wetenskaplike verplig om die aannames wat bepaalde teorieë en metodologiese strategieë ten grondslag lê, en wat nie in die betrokke studie getoets word nie, as waar te aanvaar (Mouton & Marais 1989:169). 'n Belangrike kategorie van sodanige aannames is metateoretiese aannames wat onderliggend is van die teorieë wat die bepalende konteks van 'n studie vorm (Mouton & Marais 1989:196). In die homiletiek is daar talle metateorieë wat in 'n kreatiewe wisselwerking met die homiletiese situasie tot praktykteorieë kan lei (Vos 1999:9). Vos (1999:9) onderskei die volgende kon-

septe: hermeneutiese, taal-, kommunikasie-, sisteem-, handelings-, en leerteorieë.

In hierdie artikel word 'n geskikte *kommunikasieteorie* vir die oordrag van die evangelie in die prediking ondersoek. Meer spesifiek, die moontlikhede wat kreatiwiteit bied om kommunikatief effektief met die gebruiker van taal, die mens, te verkeer (vgl Floor 1981:5). 'n Gepaste kommunikasieteorie dra daartoe by dat die homiletiese proses na eie aard geanaliseer en daarvoor geteoretiseer kan word met die oog op 'n praxis-relevante homiletiek (Pieterse 1992:17). Agter die kommunikasieteorie skuil 'n teoretiese beskouing oor die wese van kommunikasie (Jansen & Steinberg 1991:2, soos aangehaal deur Pieterse 1992:17). Dit het uiteraard 'n invloed op die spesifieke kommunikasieteorie, op die prakties-teologiese ondersoek en op die handeling in die praxis. Ook word die belangrike rol wat breinfunksie ten opsigte van kreatiwiteit speel, op kursoriese wyse van nader ondersoek.

2 DIE WAARDE VAN KOMMUNIKASIE

2.1 Prediking as kommunikasiegebeure

In die gereformeerde kerke neem die prediking steeds 'n baie belangrike plek in. In hierdie opsig is sulke kerke steeds navolgers van die Hervorming, veral as daar met Runia (1981:7) saamgestem word dat die Hervorming van die sestiende eeu tereg die herontdekking van die prediking genoem kan word. Die belang van die prediking blyk ook uit die uitspraak van die Tweede Helvetiese Belydenis 1566 (vgl Greidanus 1989:9; Vos 1996:145; Van der Walt 1984:2): *praedicatio verbi Dei est verbum Dei* (die prediking van die Woord van God is die Woord van God). Aan die anderkant is dit ook natuurlik belangrik om duidelik te onderskei tussen die Woord van God en die prediking daarvan (Helberg 1983:112). Ook moet daar onderskei word tussen die Woord as prediking en die woord in die prediking. Die mens se prediking is alleen maar die verklaring van die prediking as openbaring en is daarom steeds toetsbaar (Van der Walt 1988:488). Daar is 'n groot verskil tussen die predikers van die Bybel en die predikers van vandag. Die predikers van vandag ontvang nie die inhoud en interpretasie van hulle woorde direk van God nie, maar word geroep om kanale te wees vir God se Woord (Greidanus 1989:7-8).

Prediking het dus te doen met kommunikasie, met die oordra van God se Woord aan die hoorders van vandag; die diens van die Woord kan nie losgemaak word van tussenmenslike kommunikasie nie (Lange

1976:111; vgl Pieterse 1992:20). Daar is egter baie stemme wat opklink en sê dat prediking ‘n verouderde vorm van kommunikasie is (vgl Runia 1981:10; Dingemans 1991:21). Runia (1981:10) vestig die aandag op verskeie ondersoekte wat daarop wys dat die prediking weinig effek op die hoorders het (vgl ook Dingemans 1991:13-14). In die verlede is egte kommunikasie dikwels bestempel as ‘n saak van eenrigtingverkeer (monoloog) en daarom is dit baie se beswaar teen die tradisionele manier van preek (vgl Swanevelder 2000:51; Vos 1996:160; Thomas 1987:12), want die postmoderne mens wil nie ‘n toeskouer wees nie, maar deelneem en alles moet deursigtig wees (De Klerk 1999:24). Van wat gehoor word, word maar ongeveer ‘n skrale 20% van die boodskap onthou (Schütz 1981:44).

Daar word vandag dus al hoe meer stemme gehoor wat sê dat die prediking in ‘n krisis verkeer (vgl Eslinger 1989:11; Swanevelder 2000:8). Hierdie siening hou ten dele verband daarmee dat predikers nie ‘n voldoende beeld van hul hoorders het nie (Bolkenstein 1977:73). Daarom is dit belangrik dat die prediker moet leer om die regte vrae te vra aan sy teks en oor sy gehoor. Ook die rol van die hoorder in die prediking moet goed raakgesien word (Dingemans 1991:13; Pieterse 2002:91; vgl ook Zerfass 1992:156).

2.2 Die noodsaak van ‘n moderne model van kommunikasie

Pieterse benader die prediking binne die raamwerk van ‘n kommunikasie-model. Hy wys op die verskil tussen wat hy noem die historiese model van kommunikasie (Pieterse 1985:29), wat teruggevoer kan word na Plato en Aristoteles, en die nuwere model van kommunikasie.

2.2.1 ‘n Historiese kommunikasiemodel (lineêre kommunikasie)

In die historiese model word daar aan drie elemente aandag gegee, naamlik die mededeler, boodskap/medium, ontvanger of vertolker (Pieterse 1992:18; 1985:30; vgl Beebe & Beebe 1997:7). In hierdie model word die hoorder wel betrek, maar bloot as teiken. Die groot swakheid van hierdie model is volgens Pieterse (1985:32) dat dit ‘n eenrigtingverkeer veronderstel en dat kommunikasie dus nie as dinamiese proses beskou word nie. In die kommunikasiekunde word die historiese model van kommunikasie omskryf as lineêre kommunikasie, en dit kan as volg grafies geïllustreer word (vgl Beebe & Beebe 1997:7):




Fig. 1.1. *Lineêre model van kommunikasie*

2.2.2 'n Nuwere kommunikasiemodel (interaktiewe kommunikasie)

Pieterse (1985:32-33) kontrasteer die historiese model met 'n nuwere model van kommunikasie, waarin daar veel variasie is, maar wat alles verband hou met die werk van Kierkegaard. Kierkegaard se bydra lê daarin dat hy die ontvanger beklemtoon het. Volgens Kierkegaard het kommunikasie eers plaasgevind as die ontvanger die boodskap vertolk het. Die historiese model is meer staties, terwyl daar 'n meer dinamiese model ontwikkel het, waarin daar plek is vir interaksie en terugvoer. Pieterse (1985:39) wil hierdie model met 'n balspel vergelyk, waar die bal heen en weer beweeg, terwyl die ou kommunikasiemodel met 'n pyl en boog vergelyk kan word. Pieterse wil selfs die sender en die ontvanger op dieselfde vlak plaas en gevolglik maak hierdie aspek dit soveel te meer nodig dat die prediker ook sy gehoor en die huidige praktyk van prediking goed moet ken (Pieterse 2002:78). Eksegese van die Skrif moet aangevul word deur "eksegese" van die hoorder (Bright 1977:176). Pieterse (1985:119) beklemtoon dat 'n goeie prediker ook 'n goeie luisteraar is. As daar geen terugkoppeling is nie, kan kommunikasie misluk omdat die ontvanger die boodskap verkeerd kan interpreteer of selfs kan weier om te luister (Pieterse 1985:166). In die wetenskap van die kommunikasiekunde word hierdie nuwere model van kommunikasie saamgevat onder die term interaktiewe kommunikasie. Die interaktiewe kommunikasiemodel word as volg geïllustreer (vgl Beebe & Beebe 1997:9; Ehninger 1986:13, 34; Devito 1990:7).




Fig. 1.2 *Interaktiewe kommunikasiemodel*

In die nuwe kommunikasiemodel (fig 1.2) word aanvaar dat die hoorder aktief by die luisterproses betrokke is en dat sekere sake 'n invloed uitoefen op die hoorder se verstaan van 'n preek. Een saak wat 'n invloed uitoefen, is die hoorder se voorverstaan voor die kommunikasieproses (Pieterse 1991:105). 'n Boodskap wat hiermee bots, sal makliker deur die hoorder verwerp word. Daar is empiries vasgestel dat hoorders relatief min van 'n preek inneem en onthou, al sou dit wees dat dit wat die hoorder hoor, steeds 'n invloed op hom het, al kan hy nie alles direk weergee nie (Pieterse 1991:118). Die gebruik van 'n sinvolle kommunikasiemodel kan die homiletiek in die algemeen en die prediking in die besonder ten goede kom.

2.2.3 'n Moderne kommunikasiemodel (*transactive kommunikasie*)

Die mees resente kommunikasiemodel wat in die wetenskap van die kommunikasiekunde ondersoek en ontwikkel is, word onder die hoof *transactive communication* saamgevat. In hierdie moderne model van kommunikasie word individuele komponente (bv sender, boodskap, ontvanger) nie afsonderlik geëtiketteer nie, maar word kommunikasie as 'n gelyktydige proses, 'n transaksie, bestempel (Beebe & Beebe 1997:10; vgl ook Devito 1990:7).




Fig. 1.3 “*Transactive*” kommunikasiemodel

Die model hierbo (fig 1.3) stel voor dat:

- boodskappe tussen sender en ontvanger gelyktydig uitgestuur en ontvang word,
- daar direk aangepas word by die konteks waarin kommunikasie plaasvind, en
- verbale en nie-verbale terugvoer van ander gespreksgenote geïnterpreteer word.


2.2.4 Samevattend: Die noodsaak van ‘n moderne model van kommunikasie

- Lineêre kommunikasie is onder andere die vorm wat in die tradisionele prediking gebruik is waar die sender sy boodskap aan die ontvanger oordra (vgl fig 1.1). Die ontvanger word wel bereik, maar bloot as teiken en daarom word hierdie model van kommunikasie bestempel as onbevredigend, omrede dit staties is. Lineêre kommunikasie word egter ook gebruik deur koerante, radio en televisie, waar daar nie werklik sprake van gesprek tussen sender en ontvanger kan wees nie.
- In interaktiewe kommunikasie wissel die rol van senders en ontvangers voortdurend, soos in gewone gesprekke (vgl fig 1.2). Daar vind dus ‘n wisselwerking of terugkoppeling tussen sender en ontvanger plaas, wat gevolglik dialoog tussen gespreksgenote moontlik maak. Pastorale gesprekke kan as goeie voorbeelde hiervan geneem word.
- Die meer resente model van kommunikasie, die sogenaamde *transaction communication model* wat in die kommunikasiekunde ontwikkel is, stel voor dat gelyktydige kommunikasie plaasvind. Boodskappe tussen sender en ontvanger word gelyktydig uitgestuur en ontvang en daar word direk aangepas by die konteks waarin kommunikasie plaasvind. Ook word verbale en nie-verbale terugvoer van ander gespreksgenote gelyktydig geïnterpreteer.

2.3 Prediking as interaktiewe kommunikasie

Dingemans (1991:146) meen dat interaktiewe kommunikasie baie geskik is vir die prediking. Hier word veronderstel dat die spreker en die hoorders gesamentlik betrokke is by die saak waaroor gepraat word. So het die gemeentelede en die predikant 'n primêre verhouding en kommunikasie met God (Dingemans 1991:149). Dingemans (1991:150-151) wys daarop dat daar binne hierdie benadering eintlik sprake is van 'n drievoudige kommunikasieproses: die predikant kommunikeer met die Bybelteks en so eintlik met God; die hoorders kommunikeer deur middel van die liturgie met God en die Bybel op grond van hulle ervaring met die evangelie en met God; en die predikant poog om kommunikasie te bewerkstellig tussen die hoorders en die Bybelse boodskap deur die preek. Hierdie drievoudige kommunikasie dien daartoe om die hoorders se verhouding met God te verdiep.

In die bogenoemde kommunikasieproses is dus drie partye teenwoordig, naamlik God, die prediker en die gehoor. Dit kan met die volgende lyntekening (vgl Van der Walt 1984:11, 12) voorgestel word:



Figuur 1.4 'n Drievoudige kommunikasieproses

Dat die prediking die Woord van God na die gemeente moet bring, staan vas. Natuurlik is dit nie 'n eenvoudige saak nie. Die Woord van God wat in die Bybel opgeteken is, moet op verantwoordelike wyse nuut *kreatief* aan die gemeente in hulle situasie verkondig word sodat die gemeente in

die prediking God se Woord sal hoor (vgl Odendaal 1985:19). In hierdie proses moet die gemeente in hul spesifieke situasie betrek word (Pieterse 2002:93). Die verkondiging mag dus nie die gemeente onaangeraak laat nie, maar moet die hoorders tot 'n duidelike keuse verplig (Van der Walt 1988:504).

Volgens Dreyer (1989:362) moet daar twee duidelike fases in die hele hermeneutiese proses verloop:

- Die eerste is die eksegetiese of dekodeeringskomponent: daarin gaan die eksegeet na die teks toe om op die ou end deur die teks self aangespreek te word. Dreyer (1989:362) meen dat die prediker deur die woordgebeure tot dieselfde kommunikasie-ervaring met God as die oorspronklike lesers of hoorders kom.
- Die tweede fase is om die kommunikasie-ervaring van die homileet te enkodeer sodat die gemeente gelei kan word tot dieselfde kommunikasie-ervaring met God (Dreyer 1989:362). Hierdie ervaring is nie noodwendig emosioneel nie (Dreyer 1989:363). Wat belangrik is, is dat die konkrete situasie van die gemeente aan die orde moet kom (Dreyer 1989:367).

2.4 Drie nuwe benaderings tot die prediking

Eslinger (1989:13) verwys na drie nuwe benaderings tot die prediking: die induktiewe benadering, die narratiewe benadering en 'n benadering wat direk wil aansluit by die vorm en beweging van die Bybelse teks.

2.4.1 'n Narratiewe benadering

In die narratiewe benadering word die teks nie gepreek op die ou manier nie, maar 'n storie word vertel wat 'n Bybelse boodskap verwoord. Dié benadering eis dat predikers soos literêre kunstenaars taal in 'n verhaal moet omskep wat God se teenwoordigheid in die mens se lewe kan voorstel. Die gevaar van hierdie benadering waar 'n blote storie as draer van die evangelie dien, is dat die onderskeid tussen die besondere en algemene openbaring opgehef word (vgl Eslinger 1989:21-23; Vos 1996:182).

2.4.2 'n Induktiewe benadering

Die induktiewe benadering is 'n reaksie teen die deduktiewe benadering, wat teruggevoer kan word na Aristoteles (Eslinger 1989:95). In die deduktiewe benadering word daar beweeg van 'n algemene waarheid na 'n

spesifieke toepassing daarvan. ‘n Tema word geformuleer en in punte uitgewerk (Eslinger, 1989:95). In die induktiewe metode word daar besondere aandag aan die hoorders gegee (Eslinger 1989:111-112). In hierdie benadering is daar twee verskillende fokuspunkte, naamlik die hoorders en hulle persoonlike en sosiale konteks en die Bybelse teks in sy historiese, teologiese en literêre inhoud (Eslinger 1989:114).

2.4.3 ‘n Benadering wat aansluit by die vorm van die Bybelse teks

In die derde metode word aangesluit by die Bybelse narratiewe vorm, in aansluiting by die teks self (Eslinger 1989:136-138). Een van die leemtes of nadele wat hierdie benadering inhou is dat dit uitsluitlik net vir narratiewe gedeeltes van die Bybel geskik is.

2.4.4 Gevolgtrekking ten opsigte van nuwe benaderings tot die prediking

Hierdie drie benaderings kan sekerlik op sekere punte gekritiseer word, maar hulle ontstaan hou verband met leemtes in die tradisionele benadering tot die prediking, waarin die gemeente maklik onbetrokke gelaat kan word. In die herevaluering van die prediking in die gereformeerde tradisie sal daar minstens met die leemtes van die tradisionele benadering rekening gehou moet word. Waar daar nie met die kommunikasieproses in die preek rekening gehou word nie, word predikers en hoorders teleurgestel (Vos 1996:161). Predikers bly in die lug preek en hoorders word al hoe minder omdat so min van die evangelie kommunikeer (Vos 1996:161). Dit beteken nie dat die kennis van die kommunikasieproses die preek red nie, maar dit kan wel predikers help om meer doeltreffend te kommunikeer en die hoorder om beter te kan hoor (Vos 1996:161).

2.5 Kreatiewe prediking – die sleutel tot doeltreffende kommunikasie

Beide Amos (as voorbeeld uit die Ou Testament) en Jesus (as voorbeeld uit die Nuwe Testament) het suksesvol daarin geslaag om hul boodskap effektief en kreatief aan hul hoorders te kommunikeer (vgl Nagel 2002:10-53). Die metateoretiese besinning oor die moontlikhede wat kreatiwiteit bied om kommunikatief effektief met die gebruiker van taal, die mens, te verkeer, kan sekerlik aansluiting by die preekstyle van Amos en Christus vind. Veral ten opsigte van die literêre tegnieke en retoriese stylfigure, wat beslis ook vandag deur predikers gebruik kan word om op dieselfde vlak van kreatiwiteit te kommunikeer.

Zerfass (1989:105) is van mening dat elke preek momente van *docere*, *delectare* en *movere* moet bevat. Met ander woorde, die rede behoort die hoorder te onderrig en sy verstand aan te spreek (*docere*), dit behoort op sy wil gerig te wees (*movere*) en dan behoort dit hom te stig en bly te maak (*delectare*). Kooienga (1989:54) identifiseer in hierdie verband vyf basiese elemente van effektiewe styl, naamlik duidelikheid (helderheid), belangwekkendheid, evokatiewe taal (evokasie), energie en emosie. Kortliks sal sekere van hierdie elemente uiteengesit en gevolglik tot 'n samevattende gevolgtrekking gekom word:

2.5.1 Duidelikheid (helderheid)

'n Prediker wat effektief die gedagtes van die preek tot in die verstand en hart van die hoorder ingedra het, het duidelikheid suksesvol bereik. Volgens Devito (1990:372) kan duidelikheid bestempel word as die primêre doel waarna elke spreker moet streef. Helderheid hang direk af van kragtige idees wat op 'n logiese wyse aan die hoorder voorgehou word (Kooienga 1989:63).

Verskeie aspekte van taal dra daartoe by om duidelikheid te bevorder, byvoorbeeld die volgende (vgl Kooienga 1989:63-72; Devito 1990: 372-375):

- korrekte en ekonomiese woordkeuse;
- eenvoudige woorde;
- eenvoudige taalgebruik;
- vermyding van wartaal/*jargon* en abstrakte begrippe;
- herhaling, repetisie en gereelde samevatting van wat gesê is.

2.5.2 Belangwekkendheid

'n Vervelige preek het nie 'n lang lewensduur nie. 'n Preek wat nie suksesvol daarin slaag om die hoorder te interesseer en sy gedagtes te prikkel nie, spreek nie die hart aan nie en is die trefkrag daarvan minimaal (vgl Kooienga 1989:73). Wanneer die prediker die element van belangstelling in sy preek inbou, is dit logies dat die belangstellingsvlakke van die hoorder ook sal styg. (vgl Loscalzo 1992:113-114). Die volgende aspekte van taal kan belangstelling by die hoorder prikkel:

2.5.2.1 Beeldspraak

Jesus het op so 'n wyse gebruik gemaak van beeldspraak dat dit die hart van die hoorder aangegryp het, nog voordat die verstand die boodskap kon verwerp. Die metafore wat Jesus dikwels gebruik het, het 'n besonder

dinamiese en kreatiewe krag getoon wat inherent nuwe dimensies van denke en taalgebruik beteken het. Die krag van die metafoor lê daarin dat dit 'n besondere rykheid van assosiasies geskep kan word wat tot oorspronklike vernuwing en deurbrake kan lei. Vanweë die empatiese kwaliteit van 'n metafoor spreek dit die hoorder direk aan. Daar word 'n beeld/prentjie in die brein geskep wat lei tot 'n gevoel van opgewondenheid. Om belangstelling te bewerkstellig is dit verder nodig dat beelde so gekies sal word dat die hoorder daarmee sal kan identifiseer (Devito 1990:376; Beebe & Beebe 1997:268). 'n Beeld wat dus in die betekeniswêreld van die hoorder nie sin maak nie, kan gevolglik meer skade as goed doen.

2.5.2.2 Kontras

Prediking is 'n proses van beide kuns en wetenskap (Kooienga 1989:75). Alhoewel die struktuur en vorm van die preek wel kontras kan uitwys, is dit ook die geval met taal. Waar kontras op oordeelkundige wyse in die prediking aangewend word, kan belangstelling by die hoorder gewek word (Kooienga 1989:75). Beide Amos en Jesus het op doeltreffende wyse antiteses gebruik. Dit kan ook deur moderne predikers gebruik word om belangstelling te prikkel.

2.5.2.3 Spanning

Taal wat effektief ingespan word om spanning in die preek te bewerk, kan daartoe bydra dat belangstelling by die hoorder gewek word. Deur die gevolgtrekking of konklusie vir so lank as moontlik uit te stel kan afgagting geskep word. So bly die hoorder voortdurend aan die wonder gehou oor die afloop of uitkoms. 'n Reeks opeenvolgende vrae kan ook ingespan word om so die antwoord uit te stel. Dit skep spanning en daarmee tegelyk – belangstelling (Kooienga 1989:75).

2.5.2.4 Voorbeelde

Voorbeelde werp lig op die prediking. 'n Aangrypende illustrasie wek ook die element van emosie, maar 'n treffende voorbeeld verhoog altyd belangstelling by die boodskap. 'n Preek sonder illustrasies kan wel die boodskap oordra, maar dit is die gebruik van voorbeelde wat nuwe lewende gee.

2.5.2.5 Verskeidenheid

Monotonie of eentonigheid dreineer die lewende uit 'n preek. Voorspelbaarheid ontsê die hoorder die sensasie van ontdekking. Die prediker wat oor

en oor dieselfde dinge sê, met dieselfde styl preek en dieselfde woorde herhaal, nooi die gemeente uit om aan die slaap te raak. Daarom is dit belangrik dat die prediker voortdurend sal soek na vars en nuwe maniere om die boodskap oor te dra. Die afwisseling van styl, taalgebruik, langer en korter sinne, kan byvoorbeeld daartoe bydra dat voorspelbaarheid en eentonigheid afgeweer word.

2.5.3 Evokatiewe taalgebruik

Evokatiewe taalgebruik prikkel gedagtes en gee aan idees 'n sigbare en tasbare kwaliteit (Kooienga 1989:81). Evokatiewe taalgebruik sluit onder andere die volgende aspekte in:

- die gebruik van beskrywende taal,
- aanwending van treffende vergelykings, en
- die implementering van metaforiese taalgebruik en beeldspraak.

2.5.4 Energie

Kooienga (1989:97) vergelyk 'n energie belaaide preek met 'n besige mark-plein waar daar altyd 'n atmosfeer van opwinding heers. 'n Preek kan 'n goeie en treffende boodskap kommunikeer, maar as daar by die prediker 'n gebrek aan energie en entoesiasme is, kan dit veroorsaak dat hoorders onaangeraak en selfs verveeld gelaat word. Energielose prediking is een van die groot probleme wat Kooienga (1989:97) in die hedendaagse situasie uitwys. Daarom ondersoek hy die aspekte van styl wat daartoe kan bydra dat 'n spreker sy boodskap met meer energie kan kommunikeer. Dit sluit die volgende in:

- lewendige/aanskoulike woorde,
- eenvoud – eenvoudige sin konstruksies, eenvoudige woordgebruik,
- die gebruik van die tweede persoon,
- aktiewe werkwoorde,
- teenswoordige tyd en korter sinne.

2.5.5 Samevattend: Kreatiewe prediking – die sleutel tot doeltreffende kommunikasie

In 2.5 is aandag gegee aan verskeie aspekte wat 'n effektiewe en gevolglik meer kreatiewe kommunikasiestyl kan bevorder. Die basiese elemente van effektiewe kommunikasie kan as volg opgesom word:

- *Duidelikheid* - korrekte en ekonomiese woordkeuse, eenvoudige woorde, eenvoudige taalgebruik, vermyding van wartaal en abstrakte

begrippe, herhaling, repetisie en gereelde samevattinge.

- *Belangwekkendheid* - beeldspraak, kontras, spanning, voorbeelde en verskeidenheid.
- *Evokatiewe taal* – beskrywende taal, vergelykings en metaforiese taalgebruik.
- *Energie* - lewendige/aanskoulike woorde, eenvoudige sinskonstruksies, eenvoudige woordgebruik, die gebruik van die tweede persoon, aktiewe werkwoorde, teenswoordige tyd en korter sinne.

3 KREATIWITEIT IN PREDIKING

Om te preek is om te skep, om kreatief te wees. Om dit te kan doen, is meer as net 'n kennis van die nodige eksegetiese metodes, en 'n aanvoeling van die behoeftes van die gemeente nodig. Die prediker moet, op grond van die antieke teks van die Bybel, iets nuuts, iets verrassends, moontlik iets ontstellends sê, op só 'n wyse dat die gemeente dit as 'n passende en aktuele woord vir hulle en hulle tyd hoor. Hiervoor benodig die prediker kreatiwiteit. Vervolgens word kreatiwiteit ondersoek.

Troeger (1990:28-30) beweer dat predikers in die verlede in die tradisionele homiletiek opgelei is om inligting hoofsaaklik analities te prosesseer en te kommunikeer. Maar volgens laasgenoemde outeur verskuif die model van homiletiek nou in die rigting van beelde (Troeger 1990:28-30). So 'n skuif impliseer gevolglik 'n fokus op die regter hemisfeer van die brein en daarom is kreatiewe en vindingryke prediking die gevolg daarvan. Troeger (1990:28-30) het aangetoon dat baie van die homiletiese sisteme wat op analitiese wyse 'n sorgvuldige stap-vir-stap uiteensetting van die preekmaakproses bied, dit vir die prediker moontlik maak om 'n preek te skryf sonder enige inspirasie. Oor dié proses sê Troeger die volgende: “A preacher could construct something to say no matter how cold and dry the wells of inspiration are” (Troeger 1990:13). Dit is noodsaaklik dat predikers, soos wat die linkerbrein ontwikkel word vir analitiese denke, ook die regterbrein ontwikkel sal word vir die gebruik van beelde. Verduideliking, argumentasie en toepassing is tipiese linkerbrein aktiwiteite, terwyl illustrasies deur metafore en beelde hoofsaaklik toegeskryf kan word aan regterbreindenke. Die prediker moet ook in gedagte hou dat sy hoorders verskillende breinvoorkeure het en daarom moet hy preke so voorberei dat almal daardeur bereik word.

3.1 Die kreatiwiteitsproses toegepas op die preekmaakproses

Manfred Josuttis sluit aan by die klassieke neurologiese onderskeiding van die vier fases van die kreatiwiteitsproses, naamlik *voorbereiding* (*inventio*), *ontwikkeling* (inkubasie), *verheldering* (illuminasie) en *vormgewing* (verifikasie). Hierdie vier fases kan as volg van toepassing gemaak word op die preekmaakproses:

3.1.1 Voorbereidingsfase (*inventio*)

Een van die basiese karaktertrekke van 'n kreatiewe persoon is die vermoë om verskeie idees en oplossings te vind wanneer hy/sy met 'n probleem gekonfronteer word. Wie nie 'n probleem kan sien nie, kan ook nie by 'n oplossing uit kom nie. Die vind van probleme is dus net so belangrik as die ontdekking van oplossings (Arens *et al* 1974:26). In hierdie fase moet alle moontlikhede wat tot 'n oplossing kan lei, sorgvuldig en keurig geweeg en oorweeg word (Fraser 1989:48). 'n Probleem kan slegs opgelos word indien die regte vraag oor die oplossing daarvan gevra word. Die voorbereidingsfase kan daarom opgesom word as 'n verkennende of vraagstellende fase (Ross 1994:63). In hierdie fase is die prediker dus kreatief besig om die regte vrae aan sy teks (eksegese) en die toepaslike vrae, wat betref sy hoorders (homilese), te vra. So veel as moontlik en so wyd as moontlik inligting word versamel met die oog op die preekgebeure. Cilliers (1998:112) vergelyk dit met 'n spons wat alles absorbeer. Elke preek behoort 'n *inventio*-fase te hê. In die fase is die prediker opsoek na preekstof. Naas die Bybel moet die prediker sy oë oop hou vir tekste oor die lief en die leed van die lewe, byvoorbeeld kan poësie- en prosa-tekste help om die Bybelse teks en die teks van die lewe te verbind (Vos 1995:418).

3.1.2 Ontwikkelingsfase (inkubasie)

Die oorgang tussen die voorbereidings- en ontwikkelingsfase verloop nie noodwendig chronologies nie, maar “saak-logies” (Cilliers 1998:113). Cilliers (1998:113) skryf hierdie gebeure toe aan die waarskynlikheid dat die inkubasiefase meestal in die onderbewuste afspeel en sodoende tydens 'n latere stadium verwerk word in die rigting van 'n oplossing. Arens (1974:29) verduidelik soos volg: “Das Unbewusste wird bewusst miteingeschaltet in den kreativen Prozess; den es hat sich gezeigt, das Kreativität an dem Übergang vom Unbewussten zum Bewussten besonders wahrscheinlich ist”. Omdat die onderbewussyn voortdurend besig bly met die probleem en nie bewustelik na 'n oplossing soek nie, is een van die noodsaaklike elemente van die preekmaakproses om te gaan rus (vgl

Cilliers 1998:113). Skinner (1990:64) vergelyk die proses waartydens die gedagtes kreatief geprikkel en ontwikkel word, met ‘n plantjie wat geplant, versorg en water gegee moet word.

Nadat die prediker dus hard met die teks omgegaan het, is dit ook noodsaaklik dat daar hard om die teks gerus moet word. In hierdie rusfase, die fase waartydens die prediker homself besig hou met ander take soos huisbesoek, Bybelstudie, sport en ontspanning, word nuwe idees gegeneer. Hoe meer die prediker oor die teks mediteer en nadink oor die preekstof wat versamel is, hoe wyer swaai die deur oop vir kreatiewe denke.

3.1.3 Verhelderingsfase (illuminasie)

Hierdie fase word dikwels ingelui deur ‘n *aha*-ervaring, ‘n vonk, ‘n blits waarin dinge raakgesien word soos dit nog nooit tevore gesien is nie (Cilliers 1998:115). Die fase van verheldering is ‘n onverwagse ingewing waarin die oplossing duidelik word (Skinner 1991:66; vgl ook Arens *et al* 1974:31). Die versamelde materiaal wat in die ontwikkelingsfase in die onderbewussyn werksaam was, neem skielik vorm aan, kry plotseling nuwe betekenis (Cilliers 1998:116). Waar die nuwe betekenis of nuwe verbande tussen die wêreld van die teks en die wêreld van die gemeente gelê word, vind ‘kreatiwiteit’ plaas.

3.1.4 Vormgewingsfase (verifikasie)

Tydens die laaste fase van die preekmaakproses, naamlik die vormgewingsfase, word die nuutgevonde verheldering getoets en gestruktureer totdat dit bruikbaar vir die prediker en gemeente is (Cilliers 1998:117). Nou word die voorafgaande arbeid in konkrete denke en simboliese vorme omgesit. Dit is voor die hand liggend dat hierdie fase in die preekmaakproses bestempel word as die moeilikste van al die fases (Cilliers 1998:117). Skinner (1990:67) tipeer hierdie fase as die fase van volwassewording. Al die idees wat tot dusver by die prediker opgekom het, word nou georden en in woorde omgesit. Die preek word dus fisies op skrif gestel. Dit wat ervaar en gesien is, moet in duidelike ‘woordprente’ (beelde) omgesit word, sodat die hoorder dit ook kan ervaar en sal sien (Cilliers 1998:118). Dit wat die gemeente moet sien, word deur David Buttrick (aangehaal deur Cilliers 1998:119) beskryf as ‘n reeks foto’s of prentjies wat deel van ‘n groter geheel uitmaak, sodat hulle aan die einde van die preek kan sê: “Ja, ons het die volle prentjie gesien!”

3.2 Samevattend: Die rol wat kreatiwiteit in prediking speel.

- Elke mens het die vermoë om sy/haar volle brein te gebruik en daarom, om optimum prestasies te behaal, is dit noodsaaklik dat soos wat die linkerbrein ontwikkel word vir analitiese denke, ook die regterbrein ontwikkel sal word vir die gebruik van beelde, en in besonder, kreatiewe denke.
- Verduideliking, argumentasie en toepassing is tipiese linkerbrein aktiwiteite, terwyl illustrasies deur metafore en beelde (kreatiwiteit) hoofsaaklik toegeskryf kan word aan regterbreindenke.
- Die neurologiese onderskeiding van die vier fases in die kreatiwiteitsproses naamlik: *voorbereiding* (inventio), *ontwikkeling* (inkubasie), *verheldering* (illuminasie) en *vormgewing* (verifikasie) kan heel gepas van toepassing gemaak word op die preekmaakproses.

4 METATEORETIESE AFLEIDINGS OOR DIE WAARDE VAN KOMMUNIKASIE EN BREINFUNKSIE IN KREATIEWE PREDIKING

- Prediking het te doen met kommunikasie, met die oordra van God se Woord aan die hoorders van vandag en die bediening daarvan kan nie losgemaak word van tussenmenslike kommunikasie nie (vgl 2.1).
- Die prediker moet die regte vrae aan sy teks en oor sy gehoor vra en daarom is dit onontbeerlik dat ook die rol van die hoorder in die prediking raakgesien sal word (vgl 2.1).
- Interaktiewe kommunikasie is baie geskik vir die prediking omrede daar 'n dinamiese wisselwerking of terugkoppeling tussen sender (God/prediker) en ontvanger (prediker/gemeente) plaasvind en gevolglik dialoog tussen gespreksgenote moontlik maak (vgl 2.3).
- In hierdie benadering (lineêre benadering) is daar sprake van 'n drievoudige kommunikasieproses: die predikant kommunikeer met die Bybelteks en so eintlik met God; die hoorders kommunikeer deur middel van die liturgie met God; en die predikant poog om kommunikasie te bewerkstellig tussen die hoorders en die Bybelse boodskap deur middel van die preek (vgl 2.3).
- Dat die prediking die Woord van God na die gemeente moet bring, is nie 'n eenvoudige saak nie en daarom moet dit nuut en op 'n

verantwoordelike wyse aan die gemeente in hulle situasie gebring word. Hiervoor benodig die prediker kreatiwiteit (vgl 2.3).

- Die volgende vyf basiese elemente van styl dra daartoe bydra dat predikers meer effektief en kreatief kommunikeer, naamlik: duidelikheid, belangwekkendheid, evokatiewe taal, energie en emosie (vgl 2.5).
- Kreatiwiteit word ook geprikkel deurdat predikers die vier fases in die kreatiwiteitsproses (*voorbereiding, ontwikkeling, verheldering en vormgewing*), van toepassing maak op die preekmaakproses (vgl 3.1).

Literatuurverwysings

- Arens, H F & Richard, F & Schultze, J 1974. *Kreativität und Predigtarbeit*. München: Claudius.
- Beebe, S A & Beebe, S J 1997³. *Public Speaking. An audience centered approach*. Texas: Allyn & Bacon.
- Bolkenstein, M H 1977. *Zo word er gepreekt. Verslag van een onderzoek naar de communicatievormen in 89 preken*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.
- Bright, J 1977. *The Authority of the Old Testament*. Grand Rapids: Baker.
- Cilliers, J 1998. *Die uitwysing van God op die kansel*. Kaapstad: Lux Verbi.
- De Klerk, B J 1999. Prediking in 'n postmoderne tyd. *Die Kerkblad*, Maart 1999, 24.
- Devito, J A 1990⁴. *The elements of Public Speaking*. New York: Harper Collins.
- Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder de hoorders. Een hermeneutische homiletiek*. Kampen: Kok.
- Dreyer, T F J 1989. 'n Poging tot herdefinisie van die prediking binne die raamwerk van die Reformatoriese teologie. *Hervormde Teologiese Studies* 45, 350-369.
- Eslinger, R L 1989. *A New Hearing. Living Options in Homiletic Method*. Nashville: Abingdon.
- Ehninger, D, et al 1986¹⁰. *Principles and types of speech communication*. Illinois: Scott, Foresman and Company.
- Floor, L 1981. *Die betroubare Woord. Kom na My. Skrifstudies oor Matheus 1 – 13*. Johannesburg: Boekhandel De Jong.
- Fraser, J 1989. The creative process. *Marketing mix* 7(7), 48-49.
- Greidanus, S 1989. *The Modern Preacher and the Ancient Text. Interpreting and Preaching Biblical Literature*. Grand Rapids: Eerdmans.

- Helberg, J L 1983. *Verklaring en prediking van die Ou Testament*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- Kooienga, W H 1989. *Elements of style for preaching*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Lange, E 1976. *Predigen als Beruf*. Stuttgart: Kreuz Verlag.
- Loscalzo, C A 1992. *Preaching sermons that connect: Effective communication through identification*. Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press.
- Mouton, J & Marais, H C 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. Pretoria: RGN.
- Nagel, C J 2002. *Kreatiewe prediking toegespits op die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) – 'n Praktyk-teoretiese prespektief*. Potchefstroom: PU vir CHO (Skripsie – M.Th.)
- Odendaal, D H 1985. Die Ou Testamentiese profete in die prediking, in: Burger, C W, Müller, B A & Smith, D J (reds) 1985. *Riglyne vir prediking oor die profete*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers *Woord teen die lig II/1*, 7-20).
- Pieterse, H J C 1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel: Transvaal.
- , 1991. *Gemeente en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- , 1992. 'n Prakties-teologiese kommunikasieteorie vir die prediking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7(1), 17-26.
- , 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1), 75-101.
- Ross, R S 1994⁴. *Understanding persuasion*. New Jersey: Prentice – Hall.
- Runia, K 1981. *Heeft preken nog zin?* Kampen: Kok.
- Shütz, W 1981. *Probleme der Predigt*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht (Dienst am Wort 41).
- Skinner, G P 1990. *Creative biblical preaching*. UNISA (Th. D Proefskrif).
- Swanevelder, J L 2000. *Kreatiewe prediking*. Pretoria: UNISA (MA-verhandeling).
- Troeger, T H 1990. *Imagining a Sermon*. Nashville: Abidong Press.
- Thomas, J 1987. *Het luistert nauw. Het gesprek over de preek tussen gemeente en predikant*. Kampen: Kok.
- Van der Walt, J J 1984. *God aan die woord*: PU vir CHO, Departement Diakonologie, Potchefstroom.
- , 1988. God werk deur die prediking in die geloofslewe: 'n homiletiese sleutel vir die prediking. *Koers* (53), 486-511.
- Vos, C J A 1995. *Die blye tyding*. Pretoria: Sigma-Pers.

- , 1996. *Die volheid daarvan. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Deel 1 & 2. Pretoria: Sigma-Pers.
 - , 1999. The composition of a sermon. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 14(2), 120-128.
- Zerfass, R 1989. *Grundkurz Predigt 1. Spruchpredigt*. Düsseldorf: Patmos Verlag.
- , 1992. *Grundkurz Predigt 2. Textpredigt*. Düsseldorf: Patmos Verlag.